SÊ JOU SÊ!

2019/2020-JAAREIND-AANSUIWERINGS AAN DIE MEDIUMTERMYNRAAMWERK VIR INKOMSTE EN UITGAWES (MTREF) EN DIE KORPORATIEWE EN MUNISIPALE ENTITEITE SE TELKAARTE AS GEVOLG VAN COVID-19

Die Stad Kaapstad nooi gemeenskappe om kommentaar te lewer oor die jaareind-aansuiwerings aan die 2019/20-mediumtermynraamwerk vir inkomste en uitgawes (MTREF) en die 2019/2020-korporatiewe en munisipale entiteite (Kaapstad- internasionale konferensiesentrum en Kaapstad-stadion) se telkaarte, wat deel van die 2017-2002- geïntegreerde ontwikkelingsprogram (GOP) uitmaak. Dit hou verband met die jaareind-aansuiwerings as gevolg van Covid-19 volgens die Raadsresolusie van 27 Mei 2020. Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, het die publiek en belanghebbende partye en groepe die geleentheid om van 28 Mei 2020 tot 17 Junie 2020 hul kommentaar by die munisipaliteit in te dien.

Kommentaar, aanbevelings en insette kan soos volg ingedien word:

- E-pos: idp@capetown.gov.za
- Skriftelike voorleggings: Handig by jou plaaslike subraadskantoor in.
- Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Ons sal jou help om jou kommentaar in te dien as jy gestremd is of nie kan lees of skryf nie. Kontak Zandile Mahlasela by zandile.mahlasela@capetown.gov.za of Margaret Isaacs by margaret.isaacs@capetown.gov.za.

Die jaareind-aansuiwerings aan die mediumtermynraamwerk vir inkomste en uitgawes, en die korporatiewe en munisipale entiteite se telkaarte sal by subraadskantore en by www.capetown.gov.za/haveyoursay beskikbaar wees.

Kontak die GOP-tak by idp@capetown.gov.za vir meer inligting.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
61/2020

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.